# RIGLYNE VIR DOKTORALE VOORSTEL VIR PHD PER PUBLIKASIE IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE

## 1. Proefskriftitel

Die proefskriftitel moet bondig maar informatief wees.

## 2. Inleiding en rasionaal

In hierdie afdeling word agtergrond tot die voorgestelde studie verskaf, m.a.w. 'n verduideliking waarom die studie onderneem word. Daar word gewoonlik verwys na bestaande kennis wat reeds met betrekking tot die navorsingsveld gegenereer is, en die leemtes ten opsigte van bestaande navorsing word uitgewys.

## 3. Probleemstelling en navorsingsvraag(-vrae)

Doktorale studies behels verkieslik navorsing wat aangepak word met die voorneme om 'n bestaande en duidelik geformuleerde probleem op te los. Die presiese aard van die probleem moet duidelik geformuleer word en moet veral die betekenis van sentrale konsepte in ag neem wat in die probleemstelling uiteengesit word. Die probleemstelling moet in nie meer as 'n enkele paragraaf gestel word nie, en moet die fokuspunt van die proefskrif bondig, verstaanbaar en duidelik formuleer. Dit is belangrik dat die probleemstelling duidelik uiteensit wat die oorspronklike bydrae van die studie gaan wees.

## 4. Teoretiese uitgangspunte

Die teoretiese raamwerk(e) waarbinne die navorsing onderneem gaan word, word gestel en geregverdig.

## 5. Navorsingsontwerp en -metodes

Kandidate moet duidelik uiteensit watter benadering(s) en metodes hulle beoog om te gebruik om die geformuleerde probleem aan te spreek en te probeer oplos. Hulle moet hulle vertroudheid met moontlike kontroversies of beperkings aandui wat betref die betrokke metodes en/of potensiële probleme wat in hulle navorsingsveld bestaan, sowel as die wyse waarop hulle beplan om dit te benader. Dit moet kritiese refleksie oor die moontlike gebruik van KI insluit. In die geval van kwantitatiewe empiriese navorsing moet besonderhede verskaf word oor die manier waarop sleutelkonsepte in werking gestel gaan word sowel as die manier waarop data versamel en ontleed gaan word. Voorbeelde van vraelyste of verwysings na standaard- of nuut ontwikkelde meetinstrumente kan moontlik ingesluit word. Kandidate wat praktyk-gebaseerde metodologieë benut, moet hulle voorgenome gebruik van hierdie metode regverdig.

Indien die studie interdissiplinêr of multidissiplinêr van aard is, moet dit duidelik aangedui word. Kandidate moet dan die vrae omskryf wat die problematiek van so 'n onderneming metodologies uiteensit, en aandui hoe sodanige uitdagings oorkom kan word.

## 6. Integrasie van wetenskaplike artikels in proefskrif en tydraam

Kandidate moet 'n uiteensetting gee van die verskillende fases waardeur die navorsing moet gaan, en hoe hierdie fases logies en stelselmatig gekoppel is. Meer spesifiek moet die kandidaat die volgende aandui:

- die rasionaal (akademiese meriete) vir die insluiting van artikels as deel van die proefskrif;
- hoe die beoogde artikels binne die navorsingsprobleem hoort, verband hou met die

navorsingsvraag(-vrae) en die fokus van die proefskrif;
- die beoogde inhoud van elke artikel en 'n verklaring rakende bydraes (d.w.s. mede-outeurskap) vir elke artikel; en
- hoe die artikels in die algehele struktuur en/of hoofstukverdeling van die proefskrif geïntegreer sal word om 'n samehangende geheel te vorm.

Kandidate moet ook die sperdatums vir die voltooiing van elk van die geïdentifiseerde fases van die navorsing aandui. Hierdie sperdatums moet duidelik aandui wanneer die navorsing waarskynlik voltooi sal word. Promotors en kandidate moet so ver as moontlik die tydskedule gebruik om vordering te monitor.

## 7. Begroting

Die doel van hierdie afdeling is om te verseker dat die kandidaat die potensiële finansiële impak van die studie, sowel as die moontlike impak daarvan op die uitvoerbaarheid van die projek, in aanmerking neem. Derhalwe is dit nodig dat die kandidaat aandui of buitengewone navorsingsuitgawes verwag word, en hoe hy/sy beplan om hierdie kostes te dek. Die begroting moet slegs kostes insluit wat direk verband hou met die projek (dit sluit onderriggelde en persoonlike lewenskostes, ens. uit). Die kandidaat is persoonlik verantwoordelik vir die befondsing van die studie.

## 8. Etiese oorwegings

Hierdie afdeling gee 'n uiteensetting van die etiese uitdagings verbonde aan die navorsingsontwerp en metodes wat vir die studie geselekteer is. Etiese klaringsgoedkeuring moet verkry word voor die aanvang van data-insameling of so gou as moontlik nadat die navorsingsvoorstel via die aanlyn-stelsel vir etiese klaring goedgekeur is. Etiese klaring mag nie terugwerkend (d.w.s. nadat die navorsing reeds gedoen is) verkry word nie. Waar etiese klaring benodig word, is 'n beskrywing van die etiese klaringsproses in die navorsingsvoorstel nie voldoende nie. Kandidate moet die risikovlak van die voorgestelde studie duidelik aandui en enige etiese oorwegings, sowel as hoe hierdie versag kan word, bespreek.

Indien etiese klaring nie benodig word nie, moet kandidate dit in 'n enkele sin vermeld met verwysing na die navorsingsontwerp en metodes wat vir die studie gekies is. Die voorlopige etiekvrystellingsvorm moet voltooi en ingehandig word sodra die navorsingsvoorstel deur die Senaat goedgekeur is en die etiekvrystellingsverklaring moet voltooi en ingehandig word sodra die proefskrif gereed is vir inhandiging. Dit geld net vir studies wat vrygestel is van etiese klaring.

## 9. Navorsingsintegriteit en toepaslike gebruik van KI-hulpmiddels

Alle PhD-studente moet 'n afdeling in hul navorsingsvoorstel insluit wat navorsingsintegriteit in verband met die gebruik van KI-hulpmiddels aanspreek. Hierdie afdeling moet duidelik uiteensit hoe KI beoog word om gebruik te word (indien enigsins) in die navorsingsproses, vanaf data-insameling en -ontleding tot skryfwerk en verspreiding. Studente word verwag om duidelike en deursigtige strategieë te ontwikkel, in oorleg met hul studieleiers, om te verseker dat KI toepaslik gebruik word en akademiese integriteit en etiese standaarde ondersteun, eerder as om dit te ondermyn.

Voorleggings moet tussen 3 000 en 4 500 woorde lank wees,
sonder bibliografie en addenda.